# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1968-2018 GOLDEN JUBILEE (ECHO GROUP)

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* DR. MARIETJIE NELSON

**Vol. XVI** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, SEPTEMBER 2022 **No. 03**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Spreuke 15 : 23-33

23. 'n Mens vind vreugde daarin as hy die antwoord het; wat is beter as die regte woord op die regte tyd?
24. 'n Verstandige mens se pad loop boontoe, na die lewe toe; hy ontkom die doderyk daar onder.
25. Die Here breek die hoogmoedige se huis af en beskerm die grond van die weduwee.
26. Die Here het 'n afsku van bose planne; aangename woorde is vir Hom aanneemlik.
27. Wie hom verryk ten koste van 'n ander, maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoopgeskenke weier, sal lewe.
28. 'n Regverdige mens dink voor hy antwoord; goddelose mense sê net slegte dinge.
29. Die Here is ver van die goddeloses af, maar Hy hoor die gebed van die regverdiges.
30. Stralende oë bring blydskap, goeie tyding verkwik 'n mens.
31. Wie op 'n teregwysing ag slaan, sal lewe en 'n tuiste vind tussen mense wat wysheid het.
32. Wie onderrig in die wind slaan, gee nie om vir homself nie; wie op 'n teregwysing ag slaan, kry insig.
33. Om die Here te dien, is om onderrig te word in wysheid; nederigheid kom voor eer.

# GOD KAN JOU OPTEL EN VERHEF !

**Pastoor S. SAM SELVA RAJ**

**"Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan"**

(Psalm 113:7).

## WIE WAS JOSUA?

Na die dood van Moses het Josua, sy assistent, in sy plek die leier geword van die mense van Israel. "Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê ..." (Josua 1:1). "Na hierdie gebeure het Josua seun van Nun, dienaar van die Here, gesterf. Hy was honderd en tien jaar" (Josua 24:29). Die eerste vers sê Josua was Moses se assistent en die laaste vers sê hy was 'n dienaar van die Here.

"Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan" (Psalm 113:7). Die Here is begaan oor die verdruktes, die armes, die behoeftiges en die siekes. God het toegelaat dat 'n man die assistent kon wees van 'n ander man en later het Hy hom 'n dienaar van Homself gemaak. Die regte naam van Josua was Hosea en Moses het hom Josua genoem. Josua beteken "Die Here is redding". Die missie van Josua se lewe was om die land in besit te neem wat die Here aan hulle gegee het. God het 'n man van tagtig jaar verhoog en aan hom die gesag en die sleutels van die hemel gegee! Josua is nie uit 'n ryk familie gebore nie – hy is gebore as 'n slaaf in Egipte.

Uit 'n brandende bos het God vir Moses by sy naam geroep. Toe Saulus op pad was na Damaskus, het hy 'n stem gehoor, "Saul, Saul..." Maar Josua is nie by die naam geroep nie en het ook geen gesig of teken gehad nie. Hy is die assistent gemaak van 'n ou man, Moses, wat hom geleer het van die Here God. Josua het God se krag ontvang deur na 'n ou man te luister.

Ons weet dat elke mens se roeping anders is. Niemand is hoër of laer as 'n ander mens nie. Moses het gehakkel, maar was 'n man wat die vaardighede van oorlog geleer het en hy was taai en sterk. Hy het 'n pratende, brandende bos nodig gehad om sy aandag te trek! In die middel van die woestyn was 'n bos

*... verv. op bls. 3*

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



# van julle geliefde broer...



> "Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon."
> - Psalm 92:12.

## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


Geliefdes in die Here,

"**Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus**" (Filemon 1:3).


Terwyl ons glo julle is gesond en gelukkig in die Here, hou ons aan om elke dag te bid dat die Here julle sal seën en beskerm. Ons Here en Verlosser, Jesus Christus, wat ons gebede beantwoord en beloon sal julle sekerlik seën. Hy beskut jou onder sy vleuels (Psalm 91:4).

Hy sal jou onder sy vleuels beskerm totdat jou moeilike tye verbygegaan het. Wees dan dapper en moenie bang wees nie; gaan voorwaarts terwyl jy onder die skaduwee van sy vleuels skuil tot die bedreiging verby is (Psalm57:1). Die magtige hand van God is met jou.

Ten spyte van verskillende struikelblokke, is ons sistematies besig om elke afdeling van die **Echo of His Call Bedieninge** te organiseer. God voeg elke dag nuwe mense by. Aan die ander kant word ons uitermate belas bo ons kragte deur die stryd met vyande, finansiële behoeftes en ander probleme wat ons nie op skrif kan stel nie. Lof aan God dat ons in staat is om alles te oorwin deur sy genade. Ons is ook mense met passie soos julle. Dra ons asseblief in julle vurige gebede. Baie dankie vir julle gebede en ondersteuning.



*Ds. K.R. Raja sekaran*



*Dr. A. Richard Samuel*

God het wonderbaarlik vir Ds. K.R. Rajasekaran en Dr. A. Richard Samuel met ons verenig, op die regte tyd. God is goed. Lof en ere aan God! God seën julle, liewe broers!

Die diens vir ons 54ste jaarlikse konvensie en inlywing van nuwe werkers is op 6 en 7 Augustus gehou in ons moederkerk. God het op 'n magtige manier vir Pastoor S. Abraham gebruik, een van die senior Pastore van Tsjennai, en 'n goeie vriend van ons. My dogter Angeline het sy boodskap van Tamil na Engels getolk. Suster Rhyma Gethsie Alex Samson, Br. J. Samuel en Sr. S. Kantha is amptelik aanvaar as voltydse werkers in **Echo of His Call** se

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

Bedieninge. Ons lieflike en gerespekteerde broers K. Puratchiventhan, A. Edward Durai, A. Alvin, K. Abraham, en Sr. Dhanalakshmi Chinnaiah is ingelyf as Raadslede vir drie jaar. Ons glo vas dat God ons bediening in die toekoms na die volgende vlak sal neem. Mag die Here aanhou om die **Echo of His Call Bedieninge** te lei en bewaar totdat Hy weer kom. En mag die Here elkeen van julle wat ons sterk ondersteuners is, oorvloediglik seën. Dis vir ons 'n plesier om almal wat saam met ons die pad gestap het in die afgelope 53 jaar van ons bediening te groet en te seën. **Een van ons goeie vriende, Br. Ken het in sy e-pos verklaar, "Liewe Broer Sam, 54 jaar – dit is verstommend!**" Dit het ons harte geraak!! Lof aan ons Here Jesus Christus!!! Ons eer sowel ons vennote vanaf die begin van die bediening en dié wat nuut by ons aangesluit het, ewe veel. "**God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here**" 1 Korintiërs 1:9.

Ons groet met dankbaarheid elkeen van die lede van ons Raad, kerklidmate en dominees, lesers van ons blad, Mederedakteurs, Gebedsvennote, Geloofsgenote, Intekenaars, Groot Opdragvennote, wykspastore, Staatkoördineerders, oorsese vriende, personeellede van St. Paul's Matriculation School, Nehemia Bybelskool en die kantoor by hierdie groot geleentheid. Ons vreugde in die Here Jesus Christus loop oor as ons dink aan die manier waarop Hy ons gelei het vanaf die jaar 1969 tot vandag!

Mag die Here julle almal seën. Amen.

PASTOOR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
E.mail : samselvaraj333@gmail.com

....*Contd. from page* 1

wat gebrand het, maar nie uitgebrand het nie. Daar was niemand naby nie, maar 'n stem het hom geroep "Moses, Moses!" Enige mens sou in so 'n situasie bevrees gewees het. As God van Moses gevra het, "Moses, bring asseblief my kinders uit hulle slawerny uit Egipte" sou hy beslis nie die versoek opgevolg het nie. Hy moes eers self die ontsagwekkende krag van God sien.

Maar Josua het'n ander geaardheid gehad. Sy hart was oop om die Woord van God te hoor. Dus het God gewoon vir Moses gevra om hom in sy plek te salf.


As jy sy Woord gehoorsaam, sal jy sy seëninge geniet. God doen dinge op die regte tyd. Ons wil hê alles moet vinnig gebeur. Ons spoed en God se tyd stem nie ooreen nie. As gevolg hiervan kom daar baie vertragings voor in mense se lewens, soos 'n vertraging in hullle studies, vertraging in bevryding van siektes, en vertragings in die verkryging van seëninge in hulle persoonlike lewens. As dit gebeur, beteken dit nie dat God ons vergeet het nie. In plaas daarvan gaan God iets groots doen. Ons moet onsself verneder onder sy kragtige hand. Dan sal God jou seën en jy sal alles terugkry wat jy verloor het – selfs jou gesondheid! Jou lewensduur sal ook deur God verleng word.

As God iemand ophef uit slawerny, of armoede en ontoereikendheid, maak Hy hom so dat hy voor konings kan dien. Josua is verander in 'n oorwinnaar en 'n regter vir baie jare.

## 1. WOORDE VAN POSITIEWE GELOOF

As ons van God verwag om een of ander bonatuurlike daad te doen, moet ons glo in sy woord en in sy beloftes. As ons Numeri 13 en 14 lees, sien ons Moses het manne gestuur wat hoofde was van die stamme van die mense van Israel om die land Kanaän te verken om te sien of dit geskik was om in te woon. Toe hulle terugkom, het hulle gerapporteer dat die mense wat daar woon, sterk en groot gebou was en dat dit onmoontlik was om daar in te gaan. Josua het ook saamgegaan om die land Kanaän te verken. Hierdie man het ook manne gesien wat groter en sterker was as die Israeliete. Maar hy het geen belang daaraan geheg nie. Hy het gerapporteer "**...Die land wat ons gaan verken het, is 'n buitengewoon goeie land....'n land wat oorloop van melk en heuning**" (Numeri 14:7,8). Hy het 'n positiewe rapport uitgebring.

Toe ons oorspronk-like kerkgebou oud en vervalle was, het



ons geen geld op hande gehad om dit te herstel nie. Daar was nie ruimte vir ons kantoor nie en dit was moeilik om 'n erediens te hou. Ons het geglo God sal alles vir ons doen – positiewe woorde van geloof is gehoor. "Binne ses maande sal daaar 'n kerk gebou wees, 'n drukpers sal in bedryf wees – die gebou sal verfraaai word". Het ons enige fondse gehad? Het enigiemand beloof om 'n donasie te maak? Het enigeen geld gegee? Niemand het nie. Maar ons het

begin werk in die geloof volgens sy belofte en die werk het aaangegaan en aangegaan en daar is in al ons behoeftes voorsien. Die gebou het opgegaan soos beplan, op die regte tyd. Daar staan 'n pragtige gebou soos ons dit vandag sien! Die Here sal voorsien. Julle lenings sal uitgewis word, julle trane sal verdwyn, moeilike tye sal verbygaan, die Here sal daarvoor sorg.

## 2. JOSUA, DIE ASSISTENT

Josua was Moses se getroue assistent. As jy wil hê die Here moet jou seën, moet jy 'n gees van dienswilligheid hê. Slegs sulke mense word verhoog tot hoë posisies. As jy na die lewens kyk van groot nasionale leiers, mag jy dalk dink dat hulle die posisie manklik bereik het. Maar as jy noukeurig na hulle lewens kyk, sal jy besef dat die meeste van hulle die posisie met groot opofferings bereik het. God het hulle opofferings geëer en hulle verhef. Wat God ook al sê, sal Hy nakom. "...Geloof sy die Here die God van Israel wat aan my vader Dawid 'n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het" (2 Kron. 6:4).

"...elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees"' (Matteus 20:27). As iemand die eerste wil wees, laat hy julle dien as die kneg en dan sal God hom seën en hom 'n groot leier maak.

In 1969 het ek onder Br. S Devadason gewerk. Hy was die redakteur van die Tamil blad 'Varugaiyin Thoothan'. Toe ek aangemeld het vir diens, was die eerste werk wat aan my opgedra was, om die kantoor skoon te maak en die tafels wat daarin was. Sonder enige aarseling het ek ewe vrolik die werk aanvaar. Ek het ook die vloer van die kantoor gevee. Die dae het verbygegaan – maande het verbygegaan, jare het verbygegaan – Ek het aangegaan met my werk. Eendag het die redakteur aan my al die verantwoordelikheid en die sleutel van sy kantroor oorhandig en gesê, "God se gees is op jou. Jy is die een wat slim is met alle dinge". God het dit in die redakteur se hart geplaas om my posisie te verhoog. Sy salwing en liefde het op my gekom en ek het 'n dienaar van God geword. Ons moet gevul wees met die gees om te dien.



Deesdae kom baie mense na vore om groot predikers en leiers te word. Maar hulle is nie gewillig om opgelei te word onder 'n goeie dienaar van God wat 'n volwasse geestelike lewe gelei het nie. Sonder dat hulle regtig die ware stadiums van geestelike lewe ken, wil baie genoem word Dominee, Doktor, Biskop, Pastoor, Begaafde man van God, Internasionale Spreker, ensovoorts. Sulke mense word gou verstrengel in een of ander versoeking, moeilikhede of lyding en verloor hulle spiritualiteit. Dis nodig vir elkeen om onder 'n heilige en geestelike dienaar van God te werk, om te leer van sy edele karakter en gewoontes en goddelike natuur en om hierdie goeie kwaliteite na te volg.

In my lewe van diens aan die Here het ek die volgende drie goeie einenskappe geleer van wyle Pastoor S. Devadasan (Varugaiyin Thoothan).

### (a) STIPTELIKHEID:

Elke werk moet op die regte tyd gedoen word volgens die beginsel van 'Prioriteit". Wanneer ons ook al gaan om ons

....verv. op.bls. 6

NEHEMIA RESIDENSIëLE
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI
Bid asb. vir
Medium : Hindi
Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar
Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Haas jou vir toelating!
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2022 September 19 Tot 2022 Oktober 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

- **September 19** ➲ Sy seëninge op ons toewyding aan die tydskrifbediening sedert 1969.
- **September 20** ➲ Meer studente vir ons Residensiële en Aand **Nehemia Bybelkollege.**
- **September 21** ➲ Dat Hy ons in staat te stel tot die druk en publiseer van ons blad in 16 tale op ons drukpers en om dit te stuur na die sendingvelde.
- **September 22** ➲ Vir sy oorvloedige seëninge wat Hy uitstort op die gesinne van ons werkers.
- **September 23** ➲ Ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.
- **September 24** ➲ Die groei van ons Bybelkorrespondensiekursusse en Teologiese Korrespondensiekursusse.
- **September 25** ➲ Vir sëen op ons mederedakteurs en hulle gesinne.
- **September 26** ➲ Vir ons Moederkerk en wykskerke en hulle gelowiges.
- **September 27** ➲ Die voorsiening van ons nuwe Mederedakteur, Ds. K. R. Rajasekaran, vir ons publikasiebediening.
- **September 28** ➲ Vir die Hoof, Onderwysers en ander personeel van ons **St. Paul's Matriculation School.**
- **September 29** ➲ Die beveiliging van ons **Echo of his Call Bediening** se personeel en hulle gesinne.
- **September 30** ➲ Vir die voorsiening in ons behoefts in die maand Julie.
- **Oktober 01** ➲ Dat Hy ons in staat stel om gereeld die Teologiese Seminare te hou.
- **Oktober 02** ➲ Vir ons Senior Pastoor vir die toewyding om die evangelie te versprei deur veelvuldige bedienings.
- **Oktober 03** ➲ Vir die seën van nuwe geowiges in ons kerk.

## SAKE VIR GEBED

- **Oktober 04** ➲ Integriteit voor God onder die gelowiges van alle nasies.
- **Oktober 05** ➲ Seën op ons organisasie, alle personeel en hulle gesinne.
- **Oktober 06** ➲ Ruimte vir en leiding in ons Seniot Pastoor se skryf van sy outobiografie.
- **Oktober 07** ➲ Eenheid tussen alle godsdienste en lande.
- **Oktober 08** ➲ Nuwe inskrywings van studente vir ons **St. Paul's Matriculation School** (Village High School).
- **Oktober 09** ➲ Ons Vennote en Staatkoördineerders en hullle gesinne.
- **Oktober 10** ➲ Seën op ons Evangeliese Drukpers.
- **Oktober 11** ➲ Die veiligheid van alle mense in die wêreld.
- **Oktober 12** ➲ Al ons behoeftes in hierdie maand.
- **Oktober 13** ➲ Eke dronkaard en kwaaddoener om so geseën te word dat hulle berou kry.
- **Oktober 14** ➲ Vir die veiligheid van alle vroue en kinders oor die wêreld.
- **Oktober 15** ➲ Vir ons om 'n gefokusde visie te hê om sy koninkryk op aarde te bou.
- **Oktober 16** ➲ Die jeug- en uitreikbedieninge van **Echo of His Call**.
- **Oktober 17** ➲ Dat Hy ons in staat stel om in die onbereikte plekke van Indië te kom.
- **Oktober 18** ➲ Die gesondheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

*verv. v. bls.4*

pligte te vervul, moet ons altyd in gedagte hou die moontlike struikelblokke uit die natuur soos reën, of wind en die verkeersdrukte en dus moet ons tyd inreken as 'n buffer en vroeg begin. Jy behoort nooit laat te wees by jou werkplek of die kerk nie. As ons laat is, kan ons seker wees ons gaan mislukkings teëkom.

### (b) VERANTWOORDELIKHEHID:

Selfs eenvoudige werk moet met 'n sin van verantwoordelikheid uitgevoer word. 'Enigiets moet perfek gedoen word'. Volgens 'n Tamil spreekwoord moet mense wat verantwoordelike posisies beklee die behoeftes in gedagte hou van die mense wat van hulle afhanklik is. Hou altyd in gedagte;

(i) Wat ons ook al doen, ons moet die beste van ons kennis en intelligensie inspan.

(ii) Ons moet alles met vertroue doen en ons bekwaamheid gebruik, sowel as ons kennis van en eerbied vir God.

Byvoorbeeld, sommige mense het nie die gewoonte om te kontroleer wat hulle self gedoen het nie. Hulle is nie in die minste begaan oor hulle werk nie. Hierdie mense dink, "As dié wat bo my is, bekwaam genoeg is om my foute raak te sien, kan ek dit later regmaak". Dis 'n gevaarlike neiging. Ons moet so 'n gewete hê dat ons alles reg doen. As enigiets verkeerd gaan, behoort ons ons te skaam en seker te maak dat sulke dinge nie herhaal word nie.

### (c) BETROKKENHEID:

Elke plig moet met ons persoonlike betrokkenheid nagekom het. As jy dink, "dis nie my werk hierdie nie; dit is nie my persoonlike eiendom nie; ek is nie begaan oor die wins of verlies van hierdie onderneming nie," sal jy beslis 'n mislukking wees.

Jy mag 'n skoonmaker wees, of íemand wat 'n hoë posisie in 'n organisasie beklee. In plaas daarvan om pligte uit te voer net ter wille van pligte, moet jy belangstelling toon in jou werk en dit doen met regte betrokkenheid, met jou hart en siel daarin. So sal jy sukses behaal in jou lewe.

Dis goed om altyd bereid te wees om van ouer mense te leer.

## 3. JOSUA, GEBIND DEUR GESAG

Die Amalekiete het by Refidim teen Israel kom veg (Eksodus 17:8). Moses het dit aan Josua opgedra om 'n aantal manne te neem en teen Amalek te veg. Josua het dadelik die slagveld binnegegaan en Moses se opdrag gehoorsaam. Daar is baie mense wat nie dié wat oor hulle gestel is, gehoorsaam nie of ook nie vir God self nie! Slegs mense wat gehoorsaam is aan hulle meerderes en aan God, kan goeie leiers word en gesag uitoefen. Josua het gesag gerespekteer. Toe Moses hom gevra het om oorlog te maak, het hy dadelik na die slagveld gegaan. Hy het nie gesê hy het geen opleiding gehad as soldaat nie, en nie probeer om te ontsnap aan die werk wat vir hom gegee is nie. Onmiddellik het hy gehoorsaam.

## 4. JOSUA HET IN DIE TABERNAKEL GEDIEN

Josua was 'n goeie leier. 'n Man vir wie die Here liefgehad het. Josua was lief vir die tabernakel (tempel van God). Hy het in die tabernakel gebly. " ..die jongman Josua seun van Nun, het nie die tent van ontmoeting verlaat nie" (Eksodus 33:11). God verhoog die mense wat die kerk en die verskillende bedieninge van die kerk liefhet. Leiers behoort die


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers &

Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

mense sterk aan te moedig om die kerk by te woon. God het die vergadering van die kerk lief. Kies 'n kerk en neem deel aan al die aktiwiteite. Dan sal jy die seëninge van God ontvang sonder om te vra.

In die wêreld van vandag het mense nie lus om bymekaar te kom in die kerk en te aanbid nie. Partykeer moedig selfs beroemde dienaars van God ook nie mense aan om kerk toe te gaan nie. Ons is bewus daarvan dat die Here ons beveel het om bymekaar te kom in die kerk en Hom te aanbid. Maar welbekende evangeliste saai op Sondae programme uit op TV-kanale met die bedoeling om meer ondersteuners vir hulleself en hulle bediening te hê. Hierdie evangeliste moet dien as brûe tussen die kerk en die mense, maar lei hulle aandag af en veroorsaak verdeling tussen die mense! Natuurlik is sulke programme nuttig vir oumense of siekes wat nie kerk toe kan gaan nie. Hulle kan tuis bly en daarna kyk terwyl ander na die kerk toe moet gaan. Maar die evangeliste moet alle gesonde mense vra om getrou die kerkdienste by te woon.

## 5. JOSUA – FERM IN DIE NEEM VAN BESLUITE

Op kritieke tye het Josua besliste besluite geneem. God

....verv. op.bls. 9


## Echo of His Call

### YouTube

Kyk asseblief na ons Echo of His Call You Tube Kanaal en teken daarop in wanneer jy die tyd stel. Dankie.



## Echo of His Call

**Korrespondensiekursusse slegs vir kandidate in Indië**

**BYBELKOR**

**Bid asb. vir**




Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**




***Skryf aan ons vir besonderhede***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**
Echo of His Call, **Post Box 2957**
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,**
**Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## DIE ANDER KANT VAN MY JEUG

My hart was baie naby God en die dinge in verband met sy koninkryk in my jeug. Respek vir God was die asem van my lewe en heiligheid teenoor die Here was die sentrum van my lewe. Sonder om sy roeping in my hart te verloor en sy sorg vir my, het God my gelei. My gees was tog so skerp in goddelike sake en baie stomp in wêreldlike sake.

My gebedslewe was baie ywerig. Bo dit alles het ek elke enkele minuut van my lewe beskou as 'n groot seën en eer.

Ek het duidelik begryp dat my innerlike passie om iets van betekenis vir God te bereik, besig was om my ambisie vir myself te vernietig deur 'n nuwe skepsel binne in my te vorm. Ek het gefokusde leiding wat deur die Gees gegee is, gehad wat die wêreld nie kon verstaan nie.



***Bro. Wesley Devadasan (Herald of His Coming)***



***Rev. John Rosh Kamalam (Presbyter, Church of South India)***



***Rev. J. Jeyachandran (Presbyter, Assembly of God)***



***Bro. David Reginald (Lay Preacher)***

My begeerte om die goeie nuus van Christus uit te dra, het altyd in my gebrand. So het geesgenote wat vriende was uit my Nellaraikonam Village CSI Kerk, broers S. Abraham, J. Albert Devadass, P. Samraj, Y. Thangamani, S. Paulus, J. George Robinson, S. Benson Jesudass, Sisters D. Baby Suseela, and J. Kanagammal hulle by my aangesluit. Op die 10de Augustus 1969 is deur die genade van God die 'Good News Prayer Band' gebore. Ons het bidure en evangeliese dienste gelei in die kerke. As gevolg hiervan is baie mense gered en baie het by die bediening aangesluit. Op hierdie tydstip het Broers G. Jeyananda Paulmony, A. Selvaraj, Wesley Devadasan, John Rosh Kamalam, en J. Jeyachandran na vore gekom om by my aan te sluit in die bediening. Ek het die harmonium gespeel, Wesley Devadasan was 'n kitaarspeler, David Reginald en John Rosh Kamalam was violiste en P. Samraj het bongos gespeel (klein dromme wat met die vingers gespeel word). Ons evangelisasiespan met ons musiekinstrumente het mense na ons vergaderings gelok. Saam met die musiek het ons die evangelie vryelik aan die mense gebring.

Behalwe in die dorpskerkie het ons evangeliese byeenkomste gehou in ander plekke soos Thuckalay, Neyyoor, Udayarvillai, Colachal, Karungal, Kuzhithurai, Marthandam, Kadamalai kundru, Nagercoil, Moovatrumugam, Palliyadi, Pechiparai, Kodhayar, Kanyakumari, Muttam ensovoorts.



Baie mense, oud en jonk en kinders het

hulle lewens aan Christus gegee. Veral jongmense het hulle sondige leefwyse voor God bely en hulleself verbind tot 'n godvresende lewe. Baie siek mense is genees en duiwelbesetenes is bevry. Dit het my met nuwe entoesiasme vervul; ek het begin om traktaatjies te versprei deur 15 tot 20 myl kaalvoet te loop. Ander mense het gedink ek het mal geword. Maar my ouers het my verstaan as 'n godvresende kind.

Hoewel daar aan die begin van my bediening nie gunstige omstandighede was nie of bemoediging van ander mense vir die werk van God nie, was ek baie ywerig om proaktief te werk daarin. Na hierdie omstandighede het God my gelei na die volgende vlak in my bediening met gedrukte bladsye.

■ ■ ■

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sunday**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Pastoreberading : 4.00 nm. Sondag
18. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
19. Midweek Bybelstudie : 6.30 nm. Woensdag
20. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
21. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
22. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
23. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
24. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
25. Gebedsgeleentheid vir ouers : 4.00 nm. Eerste Sondag
26. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
27. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
28. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
29. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
30. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
31. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.7*

verhoog die mense wat goeie besluite neem. Ons moet beslis wees in die neem van 'n besluit en daarby hou. God verhoog sullke mense. Josua het die vergadering van die mense van Israel gevra om die Here alleen te aanbid en homself as 'n voorbeeld gestel; "...Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien" (Josua 24:15). God soek mense wat geestelik sterk is en dapper besluite neem en by Hom staan.

Wat meer is, mense wat God se openbaring ontvang, behoort ander uit te daag sonder om hulle te skaam of te dink aan die reperkussies en moet mense wys hoe om die Here te dien. Deesdae is daar volop bedieninge sonder visie, sonder roeping, sonder geloof en sonder behoorlike onderrig. Gevolglik is daar ook steeds meer gelowiges wat nie gered is nie.

Ons moet ons lewens leef deur net van God alleen afhanklik te wees. Ons moet duidelikheid hê en opreg wees in ons geloof. As baie mense deel word van ons bedienings moet ons nie dink aan geldelike voordeel nie. Ons moet eerder van hulle vra om berou te hê oor hulle sondes en 'n heilige lewe te leef soos Christus ons geleer het, want die wêreld word net elke dag slegter. Om mense te bevry van gevaarlike bose dinge, neem ferm besluite soos Josua. Jou lewe sal heeltemal getransformeer word. God sal jou seën!

************

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris**
**Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 5th SEPTEMBER 2022

If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**